BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegee op gesag.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

of South West Africa.

Published by Authority.

1/- Donderdag, 31 Maart 1938. WINDHOEK Thursday, 31st March, 1938. No. 744

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene informasie gepubliseer.

F. P. COURTNEY CLARKE,
*Sekretaris vir Suidwes-Afrika.*

Administrateurskantoor,
Windhoek.

---

No. 40.] [31 Maart 1938.

ORDONNANSIES 1938: UITVAARDIGING VAN.

Dit het Sy Edele die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet No. 42 van 1925) aan die volgende Ordonnansies, wat hiermee vir algemene informasie gepubliseer word ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

| *No.* | *Titel.* | *Bladsy.* |
|---|---|---|
| 1. | Wysigingsordonnansie op Lisensieregte vir Brouers en Distilleerders 1938 | 1163 |
| 2. | Addisionele Middele- (1937—'38) Ordonnansie 1938 | 1163 |

The following Government Notice is published for general information.

F. P. COURTNEY CLARKE,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

---

No. 40.] [31st March, 1938.

ORDINANCES, 1938: PROMULGATION OF.

His Honour the Administrator has been pleased to assent in terms of Section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of Section *thirty-four* of the said Act:—

| *No.* | *Title.* | *Page.* |
|---|---|---|
| 1. | Brewers and Distillers Licences Duty Amendment Ordinance, 1938 | 1163 |
| 2. | Additional Appropriation (1937—'38) Ordinance, 1938 | 1163 |

No. 1 van 1938.]

# ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die wysiging van die wet met betrekking tot die betaling van lisensieregte deur brouers van bier.

*(Goedgekeur 31 Maart 1938.)*
*(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)*

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika, as volg:—

1. Paragraaf (a) van artikel *een* van die "Brouwers en Distilleerders Licentie Belasting Proklamatie 1924" (Proklamasie No. 3 van 1924), soos gewysig deur die Wysigingsordonnansie op Lisensieregte vir Brouers en Distilleerders 1937 (Ordonnansie No. 14 van 1937) word hiermee verder gewysig deur die volgende woorde aan die end van subparagraaf II daarvan toe te voeg:

"Verkopingen onder zodanige licentie zijn beperkt tot de volgende uren, nl.:

| | |
|---|---|
| Weekdagen . . . | 8 v.m. tot 6 n.m. |
| Zaterdagen . . . | 8 v.m. tot 1.30 n.m. |

Geen verkopingen zijn toegelaten op Zondag, Goede Vrijdag of Kerstdag."

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Lisensieregte vir Brouers en Distilleerders 1938.

No. 1 of 1938.]

# ORDINANCE

To provide for the amendment of the law relating to the payment of licence duty by brewers of beer.

*(Assented to 31st March, 1938.)*
*(English text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. Paragraph (a) of section *one* of the Brewers and Distillers Licences Duty Proclamation, 1924 (Proclamation No. 3 of 1924), as amended by the Brewers and Distillers Duty Amendment Ordinance, 1937 (Ordinance No. 14 of 1937), is hereby further amended by the addition of the following words at the end of sub-paragraph II thereof:

"Sales under such licence shall be limited to the following hours, viz:

| | |
|---|---|
| Weekdays . . . | 8 a.m. to 6 p.m. |
| Saturdays . . . | 8 a.m. to 1.30 p.m. |

No sales shall be permitted on Sunday, Good Friday or Christmas Day."

2. This Ordinance shall be called the Brewers and Distillers Licences Duty Amendment Ordinance, 1938.

No. 2 van 1938.]

# ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere geldbedrag van hoogstens Twee-en-vyftig duisend tweehonderd agt-en-sestig pond vir die diens van die Gebied Suidwes-Afrika vir die boekjaar eindigende op die een-en-dertigste dag van Maart 1938.

*(Goedgekeur 31 Maart 1938.)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. Die Administrasierekening van die Gebied Suidwes-Afrika word hiermee belas met die bedrag van ses-en-viertig duisend vyf-honderd en agtien pond op die Inkomsterekening en met vyf duisend sewehonderd en vyftig pond op die Leningsrekening tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrag beskikbaar gestel vir die diens van die boekjaar eindigende op 31 Maart 1938, soos in Ordonnansie No. 4 van 1937 vermeld is.

2. Die geld wat deur hierdie Ordonnansie beskikbaar gestel word moet aangewend word vir die dienste in besonderhede vermeld in die Bylae tot hierdie Ordonnansie en omstandiger uiteengesit in die Begroting van Addisionele Uitgawes wat gedek moet word uit Inkomste- en Leningsfondse (S.W.A. 2—'38), soos deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur.

3. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Addisionele Middele- (1937—'38) Ordonnansie 1938.

No. 2 of 1938.]

# ORDINANCE

To apply a further sum not exceeding Fifty-two thousand two hundred and sixty-eight pounds towards the service of the Territory of South West Africa for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1938.

*(Assented to 31st March, 1938.)*
*(Afrikaans text signed by Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The Administration Account of the Territory of South West Africa is hereby charged with the sum of Forty-six thousand five hundred and eighteen pounds on Revenue Account and Five thousand seven hundred and fifty pounds on Loan Account to meet certain expenditure over and above the amounts appropriated for the service of the financial year ending on 31st March, 1938, as specified in Ordinance No. 4 of 1937.

2. The money appropriated by this Ordinance shall be applied to the services detailed in the Schedule hereto and more particularly specified in the Estimates of the Additional Expenditure to be defrayed from Revenue and Loan Funds (S.W.A. 2—'38) as approved by the Legislative Assembly.

3. This Ordinance may be cited as the Additional Appropriation (1937—'38) Ordinance, 1938.

BYLAE.

| No. van Begro-tingspos. | Benaming van Begrotingspos. | Bedrag. |
|---|---|---|
| | UIT INKOMSTEFONDS. | |
| 1 | Administrasie . . . . . | £2,034 |
| 4 | Ouditeursafdeling . . . . | 230 |
| 5 | Doeane en Aksyns . . . | 619 |
| 8 | Werke . . . . . . . | 9,654 |
| 10 | Lande, Registrasie en Opmetings . | 85 |
| 12 | Naturellesake . . . . . | 16,734 |
| 13 | Pensioene en Gratifikasies . . | 13,950 |
| 14 | Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese . | 3,212 |
| | | £46,518 |
| | UIT LENINGSFONDS. | |
| A | Geboue ens. . . . . . . | 3,000 |
| F | Lande . . . . . . . | 1,500 |
| G(1) | Walvisbaai Beskermingskema . . | 1,250 |
| | | £5,750 |
| | Groottotaal | £52,268 |

SCHEDULE.

| Vote No. | Designation of Vote. | Amount. |
|---|---|---|
| | ON REVENUE ACCOUNT | |
| 1 | Administration . . . . . . | £2,034 |
| 4 | Audit . . . . . . . . . | 230 |
| 5 | Customs and Excise . . . . | 619 |
| 8 | Works . . . . . . . . | 9,654 |
| 10 | Lands, Deeds and Surveys . . | 85 |
| 12 | Native Affairs . . . . . | 16,734 |
| 13 | Pensions and Gratuities . . . | 13,950 |
| 14 | Posts, Telegraphs and Telephones | 3,212 |
| | | £46,518 |
| | ON LOAN ACCOUNT. | |
| A | Buildings etc. . . . . . . | 3,000 |
| F | Lands . . . . . . . . | 1,500 |
| G(1) | Walvis Bay Protection Scheme . . | 1,250 |
| | | £5,750 |
| | Grand Total | £52,268 |

*Printed in South West Africa by* / *Gedruk in Suidwes-Afrika deur* } *John Meinert Ltd., Windhoek.*